



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 3

AFRIKAANS HUISTAAL

STEL 1: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspecialiste voorbeeldvraestelle vir Taal- en Wiskunde-onderdig saamgestel. Die voorbeeldvraestelle is op die kurrikulum gebaseer en strek oor die eerste drie kwartale van die skooljaar. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA). Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is slegs aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Sommige van die inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Indien onderwysers en leerders dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar dieselfde ding vra, moet hulle verstaan dat dit opsetlik is en leerders moet op al die voorbeeldvraestelvrae reageer. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om toetse te konfronteer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir graad R tot 12, die bepalings van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Saam vorm hierdie dokumente, sowel as ander dokumente wat deur die skool voorsien kan word, 'n ryk bron van bronnemateriaal wat onderwysers in staat stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer (assessering van leer).

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, beteken dit nie dat die onderwyser die hele stel net so aan die leerders moet gee om binne een sessie af te handel nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Kies sorgvuldig die afsonderlike voorbeeldvrae van die betrokke les of 'n hanteerbare hoeveelheid vrae en gebruik dit tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg:

4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd te verloor nie.

4.2 Gedurende die les as 'n kort informatiewe toets om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les ontwikkel en verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK) te beantwoord, oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit om 'n volwaardige toets te wees, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is egter belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

5. Memorandum of riglyne vir antwoorde

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte respons (memorandum) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets-antwoorde gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die memorandum geensins rigied is nie. Die memorandum gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en slegs van toepassing op die werk wat in die eerste drie kwartale van die skooljaar behandel word. Die tempo waarteen die werk in sekere kwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter, dieselfde bly of verswak. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gebruik te maak as deel van die onderwys hulpmiddels, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende vorms en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis en vaardighede bekom om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse.

Lees die storie en beantwoord die vrae.



Lauren en Jane was baie opgewonde om op die plaas te gaan kuier. Lauren se oom was 'n baie gawe man. Hy was ook bly omdat Lauren haar beste maatjie saamgebring het om ook op die plaas te kom kuier. Ouma was baie bly om haar gunstelingkleindogter te sien.

Daar was baie dinge om te doen op die plaas, maar na 'n week was Lauren en Jane verveeld. Hulle wou na die rivier gaan waar hulle in die bome kan klim en hulle wou ook in die rivier swem, maar Ouma het aan hulle gesê om te wag tot Lauren se oom hulle kon neem. Hulle mag nie alleen na die rivier toe gaan nie en ongelukkig was haar oom te besig om hulle te neem.

Een oggend het die twee meisies besluit om op hul eie na die rivier te gaan. Hulle het nie eens vir Ouma of hulle oom vertel nie. Hulle het lekker in die koue rivier geswem en in die bome geklim en ook op die takke gesit. Hulle kon baie ver sien vanuit die bome. Toe hulle moes huis toe gaan, het Jane stadig uit die boom geklim, maar Lauren het uit die boom gespring en het haar been seergemaak. Sy kon nie loop nie en het heeltyd gehuil.

Jane het huis toe gehardloop om Lauren se oom te gaan roep. Sy het hom vertel wat gebeur het. Hy het baie vinnig na die rivier gehardloop om Lauren te gaan help. Hy het haar terug huis toe gedra omdat sy haar been gebreek het. Die vakansie het op 'n baie slegte noot geëindig.

1.1 Omkring die regte antwoord.

- A Lauren en Jane is beste maatjies.
- B Die storie gaan oor twee slim dogters.
- C Lauren en Mary kuier op 'n plaas.
- D Almal het gelukkig op die plaas gewoon.

1.2 Onderstreep die korrekte antwoord.

Lauren en Jane woon in die (bus, trein, stad, boot.)

1.3 Voltooi die volgende sin :

Lauren se oom was bly toe Lauren haar beste maatjie,
..... vir die vakansie huis toe bring.

1.4 Gee die beste naam vir die storie.

.....

1.5 Wat is die hoofgedagte van die storie. Skryf dit slegs in een sin.

.....

2.1 Omkring die letter van die regte antwoord.

- A Lauren en Jane is nie beste maatjies nie.
- B Hulle wou kerk toe gaan.
- C Jane se been was gebreek.
- D Lauren het uit die boom gespring en haar been gebreek.

2.2 Rangskik die gebeure in die korrekte volgorde.

- A Lauren het gespring en haar been seergemaak
- B Sy het heeltyd gehuil.
- C Sy het haar been gebreek.
- D Sy kon nie stap nie.

2.3 Pas die karakter by die gebeure.

KOLOM A		KOLOM B
2.3.1	Lauren	A. het huis toe gehardloop om Lauren se oom te gaan roep.
2.3.2	Jane	B. het geval en het haar been seergemaak.

2.4 Waarheen het die meisies een oggend gegaan?

.....

2.5 Waarom het die ongeluk gebeur?

Die ongeluk het gebeur omdat.....

3. Kyk na die foto en beantwoord die vrae.



3.1 Omkring die letter van die regte antwoord.

Die foto gaan oor ...

- A sneeu
- B ys
- C 'n rivier
- D winter

3.2 Gebruik een woord om die sin te voltooi.

Ek swem in die

3.3 Omkring die letter van die regte antwoord.

Wanneer is die foto geneem?

- A Gedurende die somervakansie
- B Terwyl ons koek gebak het
- C Tydens inkopies
- D Terwyl ons geslaap het

3.4 Onderstreep die regte antwoord.

Water wat van 'n berg afvloei, word 'n (rivier, dam, poel, waterval) genoem.

3.5 Trek 'n kruis deur die verkeerde woorde.

Kyk na die prentjie. Watter van die volgende kan nie op 'n rivier vaar nie?

boot, skip, seiljag, kanoe

4.1 Lees weer die storie oor Lauren en Jane en skryf twee woorde neer wat moeilik was om te lees.

.....

4.2 Wat beteken die volgende woorde?

opgewonde

gunsteling

4.3 In die eerste paragraaf van die storie is daar woorde wat tweeklankkombinasies is. Skryf dit neer.

.....

4.4 Soek woorde in die storie wat dieselfde beteken as die onderstaande woorde. Skryf die woorde op die lyne.

vertel

ongelukkig

4.5 Beantwoord die vraag. Antwoord slegs JA of NEE.

Ouma het gewet dat die meisies na die rivier gegaan het.
.....

5.1 Vul die ontbrekende klank in.

Ek gebruik 'nas om te verf.
Kyk die pragtige ri..... aan j ou vinger.

5.2 Kies die regte spelling van die woord.

- A wska
- B kwas
- C kaws
- D skwa

5.3 Onderstreep die korrekte diagraaf in die onderstaande woorde.

vrug rvug

5.4 Bou woorde met die volgende klanke (slegs een woord).

ei

ui

5.5 Gebruik die woorde by VRAAG 5.4 en maak 'n sin met elke woord.



.....
.....

7.1 Lees die sin en omkring die korrekte antwoord.

Die seun dra sy swart ...

- A skoene.
- B skoone.
- C skune.
- D skeene.

7.2 Verbind die regte klank met die regte prent.

KOLOM A	KOLOM B
7.2.1  7.2.2 	A rk B sk

7.3 Lees die sin en omkring die korrekte klank.

Mamma gaan besoek die ba... om geld te trek.

- A ng
- B nk
- C g
- D k

7.4 Lees die sinne en onderstreep die regte woord.

Ek (wes/wens/weens) ek het 'n hond.

Ek het my (tant/tan /tand) verloor.

7.5 Trek 'n kruisie (X) deur die woorde wat verkeerd gespel is.

skyfies, skeifies, skyfeis, skyvies



8.1 Skryf die volgende woorde in lopende skrif.

gelukkig, gunsteling, kleindogter, Mary, Nana

.....

8.2 Skryf die sin oor in lopende skrif.

Lauren en Jane was opgewonde om op die plaas te gaan kuier.

.....

.....

8.3 Omkring die sin met die regte spasiëring.

- A Sy het haarbeen gebreek.
- B Sy het haar been gebreek.
- C Sy het haar been gebreek.
- D Sy het haarbeen gebreek.

8.4 Gebruik die korrekte spasiëring vir die volgende sin. Skryf die sin oor.

LaurenenJ anewasbaieopgewondeomopdieplaastegaankuier.

.....
.....

9.1 Skryf die volgende letters van die alfabet in lopende skrif.

b f g

.....

9.2 Skryf die drie letters in lopende skrif.

C H..... E

9.3 Verbind die drukskrif letters met die lopendeskrif letters.

KOLOM A		KOLOM B	
9.3.1	F	A.	D
9.3.2	D	B	F

9.4 Skryf die sin in lopende skrif.

Hy is 'n doelwagter.

9.5 Skryf die sin in drukskrif.

Sy speel graag netbal.

.....

10.1 Die volgende instruksies kon Jane aan haar maatjie Lauren gegee het, nadat sy haar been gebreek het. Nommer die instruksies 1 tot 4 in die spasies om die korrekte volgorde aan te dui.

Roep iemand om die beseerde Lauren te help.	
Maak seker Lauren is kalm.	
Sê aan Lauren om nie te beweeg voor daar nie hulp opgedaag het nie.	
Indien daar bloed is, moenie met jou kaal hande aan die wond vat nie.	

10.2 Dit is jou verjaarsdag. Jy het 'n paar maats oorgenooi om dit saam met jou te kom vier by jou huis. Gee die rigtingaanwysings hoe om vanaf die skool tot by jou huis te kom. Gebruik die spasie onder om jou rigtingaanwysings neer te skryf.

Die volgende is woorde wat jou kan help met die aanwysings:

draai links draai regs stap reguit loop verby bome af





.....

.....

.....

10.3 Kies die kolom met die korrekte instruksie.

A 	B 
Moenie oorsteek nie. Hardloop oor die pad.	Kinderoorgang Pasop, skoolkinders voor.

11.1 Onderstreep die werkwoord in die sin.

Hy skop die bal.

11.2 Kies die korrekte werkwoord.

Sy (gan, gaan) skool toe.

Tumi (hardloop, harkloop) skool toe.

11.3 Omkring die werkwoord in die sinne.

Tumi huil elke oggend oor sy pap.

Ek eet elke dag lekkers.

11.4 Onderstreep die werkwoord in die sinne.

Thembi woon naby die skool.

Die meisie speel graag netbal.

11.5 Vul die werkwoord in die oop spasies in om die sinne te voltooi.

Die seun sy hare elke oggend.

Ek my kos.

12.1 Lees die storie. Skryf jou eie einde vir die storie. Moenie meer as drie sinne skryf nie.

Sipho se teleurstelling

Sipho hou van sport en veral atletiek. Hy het baie hard geoefen vir die 2011-atletiekseisoen en ook om die kompetisie te wen. Hy het homself belowe om die beker vir hulle skool te wen. Sy skool het die meeste trofee vir atletiek in die area gewen.

Michael is die beste atleet in die skool. Hy is ook die beste krieketspeler en het die meeste paaltjies vir die afgelope paar wedstryde geneem. Hy is 'n groot, sterk seun en is ook baie fiks.

By die atletiekbyeenkoms het Sipho so vinnig as wat hy kon gehardloop, maar hy kon nie vir Michael wen nie. Michael het die trofee vir die beste atleet in die skool gewen.

Sipho was baie hartseer, maar sy vriend, Brian, het gesê hy moenie bekommerd wees nie, want die trofee behoort aan die hele skool. Hy het aan Sipho gesê om ook nie hartseer te wees nie omdat hy baie hard geoefen het. Brian het aan Sipho gesê hy moet onthou hy was die beste swemmer van die skool.

12.2 Skryf 8 sinne oor jou naweek.

12.3 Op pad na die atletiekbyeenkoms was daar 'n ongeluk. Skryf 6 tot 8 sinne oor wat gebeur het.

12.4 Skryf 'n storie oor 'n seun of meisie wat geld in 'n kompetisie gewen het.

12.5 Skryf 'n brief aan jou maat en vertel aan hom of haar hoe jy die spelkompetisie van julle skool gewen het.

13.1 Skryf die sinne oor en gebruik die nodige leestekens.

die volgende keer as busi 'n sak sien sal sy dit oopmaak om te kyk wat daarin is

13.2 Skryf die sin oor en gebruik die korrekte leestekens.

op vrydag was Sandra 'n 20 jarige meisie van randburg betrokke in 'n motorongeluk in durban

**13.3 Skryf 'n sin en gebruik die volgende leestekens:
komma, hoofletter, uitroepteken, punt**

13.4 Kies die korrekte leesteken vir die onderstaande sin. Vul dit op die korrekte plek in.

, . ? ! " "

Hoe laat begin julle skool

13.5 Skryf die sin oor deur die leestekens op die regte plekke te skryf.

waar sal ons vakansie gaan hou vra, susie net nie op die plek nie "ek hou nie van die geraas wat taxi's maak nie sê j ohn"

14.1 Kies die korrekte antwoord.

Lauren en Jane is ...

- A mats
- B maats
- C maat
- D maas

14.2 Onderstreep die korrekte woord.

Die (miesies, meisies, meseis, meiseis) swem.

14.3 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Een kind, maar baie ...

- A kinds.
- B kindes.
- C kinders.
- D kinnders.

14.4 Pas die enkelvoudvorm by die meervoudsvorm.

KOLOM A	KOLOM B
14.4.1 storie	A. vrouens
14.4.2 vrou	B. stories

14.5 Kies die korrekte meervoude om die sin te voltooi.

Die kinders lees hulle (boeke, boek).

Daar is twee in die stootwa (baba, babas).

15.1 Kies die regte antwoord (verlede tyd) .

Lauren ... die parkie verlede Saterdag besoek.

- A het besoek
- B het gebesoek
- C het

15.2 Vul die ontbrekende woord in (verlede tyd).

Sy ongehoorsaam (is, was).

15.3 Skryf die sin in die toekomstige tyd.

Ek eet my kos.

.....

15.4 Skryf die sin in die verlede tyd. Begin met die woord Gister.

Die meisies swem.

.....

15.5 Omkring die korrekte antwoord.

Ek maak mamma se koppie

- A vool.
- B half.
- C volled.
- D vol.